ADVERTENSIES

STEYNEGROETE

STEYNTJIENUUSBRIEF 14

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

4 Mei 2017

AKADEMIE

Welkom terug na die vakansiedae. Ons hoop dat julle uitgerus is! Die Eksamenrooster sal binnekort geplaas word.

Gr 1 en Gr 8 INSKRYWINGS VIR 2018

Die **"on-line registrasie"** vir ouers wat deur die departement ingestel is om hul nuwe Gr 1 leerders vir 2018 asook die leerders wat Hoërskool toe gaan in 2018 te registreer, het reeds geopen op 2 Mei 2017.

U MOET SO GOU MOONTLIK REGISTREER OM TE VERSEKER DAT KINDERS GEPLAAS WORD.

- *Inskrywingsvorms is beskikbaar in die kantoor gedurende skoolure indien u nie by 'n Kleuterskool reeds ontvang het nie.*

WINTERSKLERE:

Ons wintersdrag is:

- **Seuns en dogters** trek grys langbroeke aan met "ougoud geel" langmouhemde. Koningsblou truie/oortrektruie, dik baadjies (nie dri-mac's nie), koningsblou kouse en swart skoene. Beskikbaar by ons verskaffers. (Blou Meul en Lala Bros in Van Riebeecklaan, Alberton Noord.)

Tweedehandse klere kan by die klerebank aangekoop word. Dit sal oop wees op Woensdae tussen 1uur en 2uur tensy anders afgekondig word.

Indien u ongebruikte winters skoolklere het, stuur dit asb skooltoe. Dit sal dan in die klerebank opgeneem word.

SPORT

Welpie Rugby
en

Nooientjie Netbal

SPORTDAG - 6 Mei 2017

Kom ondersteun ons kleintjies wat op **Saterdag 6 Mei 2017** by ons aan die besonderse dag deelneem. Hekke open om 07:00 en wedstryde begin om **07:30** tot **14:00.**

* Daar sal ook heerlike kos te koop wees.

PARKERING

* Parkering is voor die skool in Braunstr en dan ook aan die Oostekant in Lamprechtstr.

* Agter die huise in die vleiarea in Lamprechtstraat gaan daar ook 'n groot parkeerarea wees. Karwagte is gereël.

NETBAL

Baie geluk aan ons 0/12A, 0/12B, 0/12C, 0/13B en 0/10B-spanne wat teen Edleen gewen het. Ons is trots op julle.

Sterkte aan **Kristin Lloyd** wat Saterdag aan die **2de rondte** van die **Gautengproewe** deelneem. Ons hou styf duim vas en weet dit sal goed gaan.

NOOIENTJIE-NETBAL

Ons dogters het oulik gespeel by L/S Genl Alberts. Sterkte vir almal wat Saterdag by ons deelneem.

RUGBY

Ons liga-wedstryde het hierdie week afgeskop teen 'n baie sterk L/S Kenmare. Ons seuns het mooi rugby gespeel.

Baie geluk aan die 0/9A-span wat gewen het.

Ons speel **Dinsdag, 9 Mei, teen L/S Florida (WEG)** by Florida. Baie sterkte vir die res van die seisoen.

KALOSSIE KLEUTERSKOOL

OPEDAG vir inskrywings 2018

KOM SKRYF IN VIR **2018.**

- Ons nooi ons voorskoolse ouers van kleuters in 2018 na Kalossie se opedag vir Gr R, RR en RRR.
- Dit gaan plaasvind op **Saterdag 27 Mei 2017** vanaf **08:00 tot 12:00.**

Kontak Nr: 011 907 8962

ATKV-REDENAARS

Op die 19de en 21ste April het **15** van ons leerders gaan deelneem aan die ATKV-Redenaars by Laerskool Westwood.

Almal was goed voorbereid en het baie mooi gepraat. Baie dankie aan elkeen vir hul harde werk.

Baie geluk aan **Izanri Smit** wat deur is na die tweede rondte van die ATKV-Redenaars. Ons is baie trotse Steyne.